# Redaksionele beleid

Die *SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* (*SATKG*) voldoen aan "The code of best practice in scholarly journal publishing, editing and peer review" – Maart 2018, soos voorgestel deur die Academy of Science of South Africa (ASSAf).

- Die Tydskrif publiseer analitiese, oorspronklike navorsingsartikels, sowel as oorsigartikels, kort mededelings, boekresensies, asook opiniestukke en kommentare op artikels wat in vorige uitgawes van die Tydskrif verskyn het.
- Die Redaksie verwelkom 'n wye verskeidenheid artikels wat verband hou met uiteenlopende nasionale, kulturele en linguistiese agtergronde, plaaslik en internasionaal, insluitend suider-Afrika en die Afrika-kontinent in die algemeen.
- Om die wye omvang van kultuur in kultuurgeskiedenisstudies te kan akkommodeer, is die *SATKG* van 'n multidissiplinêre aard.
- Die portuurbeoordelingsproses van die Tydskrif word op 'n 'dubbelblind'-basis uitgevoer, dit wil sê die skrywer(s) weet nie wie die beoordelaars is nie en vice versa. 'n Beoordelaar weet ook nie wie die ander beoordelaars is nie.
- Dit is die outeur se verantwoordelikheid om te sertifiseer dat die artikel, wat vir die *SATKG* ingedien is, nie deur 'n ander publikasie oorweeg word nie, en nie aan enige ander tydskrif voorgelê sal word alvorens 'n finale besluit om die artikel af te keur (of formele onttrekking) van die huidige tydskrif ontvang is nie.
- Prioriteit word gegee vanaf die datum van aanvaarding van 'n artikel (d.w.s. sodra die portuurbeoordeling reeds plaasgevind het), nie vanaf die datum van ontvangs daarvan nie.
- Die *SATKG* is tweetalig en akkommodeer artikels in Engels en Afrikaans met abstrakte wat in beide Afrikaans en Engels vereis word. Vir algemene styl- en verwysingstegnieke van manuskripte, word aanbeveel dat bydraers die laaste bladsye van enige onlangse kopie van die *SATKG* raadpleeg.

# Visie en fokus

Die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kutuurgeskiedenis* (*SATKG*) is 'n onafhanklike portuurbeoordeelde tydskrif en word deur die Suid-Afrikaanse Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geïndekseer. Die Tydskrif se Redaksionele Raad verwelkom 'n wye verskeidenheid artikels wat verband hou met diverse kulture en taalagtergronde:

- Kultuurerfenisnavorsing en -nalatenskappe met betrekking tot tasbare en/of nietasbare oorblyfsels van enige groep of samelewing in Suid-Afrika, sowel as internasionaal, insluitende suider-Afrika en die Afrika-kontinent in die algemeen as 'n metode om 'n lewenswyse histories bekend te stel. Tasbare kultuur kan onder meer die volgende insluit: artefakte, kunswerke, boeke, kultureel-betekenisvolle landskappe, monumente en ander geboue of strukture. Nietasbare kultuur kan gebruike, praktyke, kennis, taal, waardes, tradisies en volksoorlewerings insluit.
- Natuurlike kultuurerfenis: (biodiversiteit; landelike landskappe; kuste en kuslyne en landboukundige erfenis).
- Inheemse kultuurerfenis; streeksgebaseerde nalatenskappe.
- Debatte, navorsing en/of kennis ten opsigte van behoud en/of bewaring en die dinamiek daarvan.

----------------------------------------

Artikels wat in die *SATKG* verskyn, word op *Sabinet* geabstraheer en geïndekseer, asook EBSCOhost. Vir beskikbaarheid op Sabinet, sien https://journals.co.za/journal/culture/oaaja. Die tydskrif is gekoppel aan CrossRef, 'n amptelike registrasie-agentskap vir digitale artikels (DOI) van die International DOI Foundation.

Tans word die Tydskrif privaat geadministreer. Enige menings wat hierin uitgespreek word, is slegs dié van die outeur(s) en nie noodwendig dié van die redaksionele bestuur of die SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (SAVK) nie.